**PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE NED. GEREF. KERK IN SUID-AFRIKA**

https://www.ppfkaapkerk.co.za / pensioen@kaapkerk.co.za / 021 957 7115
Registrasienommer: 12/8/3615 – Privaatsak X8, Bellville, 7535

Beste Pensioentrekker

## PENSIOENVERHOGING VANAF JANUARIE 2024

Die Beheerliggaam van die Predikante Pensioenfonds is dankbaar om weer eens die goeie nuus ten opsigte van die pensioenfonds te kan bevestig. Die Beheerliggaam het in April 2023 ’n inflasie-gekoppelde annuïteitspolis by Sanlam aangekoop. Hiervolgens waarborg Sanlam die huidige pensioentrekkers se pensioene. Sanlam waarborg ook pensioenverhogings van 100% van hooflyninflasie.

Verhogings is steeds in Januarie, maar word bereken volgens die jaar op jaar hooflyninflasie soos in September. Hooflyninflasie soos op 30 September 2023 was 5,4%. Hiermee dan die goeie nuus dat die pensioene vanaf Januarie 2024 ook met hierdie **5,4%** verhoog word.

Meegaande grafiek toon hoe die vorige jaar se inflasie (rooi kolom) telkens meer was as die nuwe jaar se verhoging (groen). In 2024 is die verhoging (5,4%) egter dieselfde as inflasie soos gemeet op 30 September 2023.




Desember se pensioen sal reeds op **Donderdag 14 Desember 2023** betaal word, aangesien 15 Desember ’n spesiale vakansiedag is.

Ek wens u en u dierbares ’n Geseënde Kersfees en ’n voorspoedige nuwe jaar toe. Mag die Vrede van die Vredevors julle harte en lewe vervul.

Hartlike groete

**BOSSIE MINNAAR**
**HOOFBEAMPTE: PREDIKANTE PENSIOENFONDS**
**083 270 5211**